Hermanus
Pre-Primêr Pre-Primary
Babbel & Krabbel
Nasorg | Aftercare
Est. 1979

*"Foundation through learning, friendship and fun."*

# Skool Informasie Gids



# Inhoudsopgawe

## SKOOL INFORMASIE:


- Missie, Visie en Waardes 3
- Skoollied 4
- Skoolure 5
- Skoolkalender 6
- Kommunikasie 7
- Kontakbesonderhede, Bankbesonderhede 8
- Fooie 2026 9
- Medikasie, Kleredrag, Kosblikke 10
- Reëls, Dissipline 11
- Boodskap van die Skoolhoof 12




# Missie

Om 'n veilige, ondersteunende en stimulerende omgewing te bied waar jong kinders saam kan ontdek, speel en leer.

# Visie

Om 'n vreugdevolle, koesterende en inklusiewe omgewing te skep waar elke kind se lewensreis met 'n sterk fondasie begin wat op nuuskierigheid, kreatiwiteit en vriendelikheid gebou is.

# Waardes

Gelei deur Christelike beginsels, bevorder ons skool integriteit, deernis en respek vir die uiteenlopende kulture en oortuigings wat ons gemeenskap verryk.

- RESPEK
- EMPATIE/VRIENDELIK
- INKLUSIWITEIT
- VERANTWOORDELIK

# Skoollied

There is a school in Overberg,
where we can work and play.
Our school is the best in every way,
and we are loved each day.
We sing and play and laugh all day,
and even count to ten.
And in our hearts we all believe,
Hermanus is our home.
And in our hearts we all believe,
Hermanus is our home.

Hier in Hermanus staan 'n skool,
waar ons kan speel en werk.
Die beste skool in Overberg,
met liefde sonder perk.
Ons dans en sing en verf en spring
en tel ook tot by tien.
En in ons harte glo ons so,
Hermanus Pre-Primêr bo.
En in ons harte glo ons so,
Hermanus Pre-Primêr bo.

# Skoolure

Maandae tot Vrydae:

1-2 jaar: 07:30 - 12:00


2-3 jaar: 07:30 - 12:00

Graad RRR: 07:30 - 12:00

Graad RR: 07:30 - 12:45

Graad R: 07:30 - 12:45

NASORG BEGIN VANAF 12:00/12:45 - 17:30




Op die laaste dag van die kwartaal sluit die skool om 10:30 vir alle leerders.

U word versoek om u kind na skool uit te teken. Geen kind mag die skoolterrein verlaat sonder dat hy of sy uitgeteken is nie. As u kind saam met 'n taxibestuurder of 'n karpoel huis toe gaan, maak asseblief seker dat die volwassene wat verantwoordelik is, van hierdie reël bewus is. Heg asseblief 'n foto van u taxibestuurder by die inligtingsvorm aan. Indien u om enige rede iemand stuur wat nie op die inligtingsvorm aangeteken is nie, om u kind af te haal, moet u die skool of klasonderwyser in kennis stel via SMS of WhatsApp. Geen skoliere mag kinders uitteken nie.

Neem kennis dat geen leerder voor 07:15 by die skool afgelaai of na 13:15 opgetel mag word nie. Leerders wat na 13:15 nog nie opgetel is nie, sal by nasorg aansluit, en die betrokke koste sal op u rekening gehef word.



# Skoolkalender

Ons volg die WKOD skoolkalender

| | |
|---|---|
| KWARTAAL 1 - 2026 | 14 Januarie -27 Maart |
| PUBLIEKE VAKANSIEDAE | 21 Maart - Menseregtedag<br>3 April - Goeie Vrydag<br>6 April - Familiedag |
| SKOOLVAKANSIE<br>(Nasorg sal oop wees) | 30 Maart - 7 April |
| KWARTAAL 2 - 2026 | 8 April - 26 Junie |
| PUBLIEKE VAKANSIEDAE | 27 April - Vryheidsdag<br>1 Mei - Werkersdag<br>15 Junie - Spesiale Skoolvakansiedag<br>(Nasorg sal oop wees)<br>16 Junie - Jeugdag |
| SKOOLVAKANSIE<br>(Nasorg sal oop wees) | 1 Julie - 20 Julie |
| KWARTAAL 3 - 2026 | 21 Julie - 23 September |
| PUBLIEKE VAKANSIEDAE | 9 Augustus - Nasionale Vrouedag<br>10 Augustus - Publieke Vakansiedag<br>24 September - Erfenisdag |
| SKOOLVAKANSIE<br>(Nasorg sal oop wees) | 25 September - 5 Oktober |
| KWARTAAL 4 - 2026 | 6 Oktober - 9 Desember |
| PUBLIEKE VAKANSIEDAE | 16 Desember - Versoeningsdag<br>25 Desember - Kersdag<br>26 Desember - Welwillenheidsdag |
| SKOOLVAKANSIE<br>(Nasorg sal oop wees) | 10 Desember - 13 Januarie 2027<br>Nasorg sal oop wees vanaf 10 - 23 Desember 2026 en 4 - 12 Januarie 2027 |
| KWARTAAL 1 - 2027 | SKOOL HEROPEN WOENSDAG, 13 JANUARIE 2027 |

# Kommunikasie

## WhatsApp

Ons gebruik WhatsApp-groepe om belangrike inligting en nuus te deel. Elke klas het hul eie WhatsApp-groep waarby u maklik kan aansluit deur slegs die klas se QR-kode te skandeer. Ons "Hermanus Pre-Primary School Community" - groep sluit al die ouderdomsgroepe in en help ons om as een skoolgemeenskap verbind en ingelig te bly.

## D6 Connect

Die D6 Connect is 'n maklike en doeltreffende manier vir ons skool om ouers op hoogte te hou en nodige informasie deur te stuur. Met D6 Connect kan jy al jou belangrike skoolinligting - soos aankondigings, herinneringe, nuusbriewe en gebeurteniskennisgewings - op een plek kry. Skool-en Nasorgfooie kan deur die D6 Connect App betaal word. Ons moedig ouers aan om die D6 Connect App op hul slimfone of rekenaar af te laai.

## Karri App

Die Karri App is 'n veilige, gerieflike en betroubare manier vir ouers om spesifieke skoolbetalings te maak - sonder om kontant skool toe te stuur. Dit stel ouers instaat om direk van die foon te betaal vir snoepie, bestellings wat met skoolgebeure verband hou, toebroodjies, water, fondsinsameling en ander skoolaktiwiteite.

# Kontakbesonderhede

| | | |
|---|---|---|
| SKOOLHOOF | Mev Michelle Swart | principal@hermanuspreprim.co.za |
| FINANSIËLE ADMINISTRATEUR | Me Rozanne Yeoman | office@hermanuspreprim.co.za |
| ONTVANGS SEKRETARESSE | Mev Gwen Nepgen | info@hermanuspreprim.co.za |
| FINANSIËLE BESTUURDER | Mev Toinette du Toit | accounts@hermanuspreprim.co.za |

# Bankbesonderhede

| | |
|---|---|
| REKENINGNAAM | Hermanus Pre-Primary NPC |
| BANK | FNB |
| TAKKODE | 250 655 |
| REKENINGNOMMER | 629 331 198 95 |
| VERWYSING | Leerder se naam en van |

# Fooie 2026

## SKOOL

| | |
|---|---|
| Skoolfooi - R2570 | Hek "tag" - R90 |
| Snoepie - R60 per kwartaal<br>Slegs Vrydae.<br>Nie vir Peuters 1-2 jaar. | <u>Geroosterde toebroodjies:</u><br>Kaas - R15<br>Kaas en tamatie - R20<br>Kaas, tamatie en uie - R20<br>Kaas en Salami - R25 |
| Nasorgmiddagete - R30 | Minerale water - R10 |


## NASORG

| | |
|---|---|
| Pre-Primêre Leerders - R1850 | (HPS) Laerskool Leerders - R2075 |
| Dagbesoeker (skool kwartaal) - R190 | Dagbesoeker (vakansies) - R360 |
| Hek "tag" - R90 | Busfooi - ingesluit by nasorgfooi |

Fooie is betaalbaar op D6 Connect, EFT of by die kantoor.



# Medikasie




Alle medikasie wat skool toe gestuur word, moet met 'n ondertekende toestemmingsbrief van 'n ouer/voog vergesel word. Die brief moet duidelik die volgende aandui:


- Ouer se naam
- Leerder se naam
- Onderwyser se naam
- Datum(s) wat die medikasie toegedien moet word
- Naam van die medikasie
- Dosis (hoeveel ml)
- Hoe laat (tyd) medikasie toegedien moet word



# Kleredrag

- Maak asseblief seker dat u kind elke dag gemaklik aangetrek is, aangesien ons daaglikse aktiwiteite vryspel en buitelugverkenning insluit.
- Pak ekstra stelle klere en onderklere in vir ingeval daar 'n glipsie/ongelukkie of wateraktiwiteit is.
- Merk al u kind se klere en skoene duidelik. Dit maak dit makliker om op te spoor wanneer iets perongeluk misplaas word.
- Maak ook seker dat u kind 'n hoed in hul sak het en dat sonskerm elke oggend voor skool aangesmeer word.
- Meisies moet kortbroekies/"tights" onder hul rokke en rompe dra.

# Kosblikke



Maak asseblief seker dat u kind elke dag gesonde peuselhappies saambring in 'n duidelik gemerkte kosblik. 'n Bottel water of vrugtesap is voldoende om saam hul peuselhappies te hê. Om gesonde eetgewoontes aan te moedig, word gaskoeldrank, energiedrankies en lekkers nie tydens happietyd aangemoedig nie.

# Reëls

- Geen speelgoed word by die skool toegelaat nie, tensy dit 'n aangewese Wys-en-Vertel-dag is. Speelgoed lei dikwels tot misverstande en onnodige trane, wat maklik vermy kan word.
- Maak asseblief seker dat albei toegangshekke stewig agter jou gesluit word.
- Geen kind mag aan die hek hang of daarop staan terwyl dit oop- of toegemaak word nie.
- Kinders mag nie sonder toesig op die speelgrond gelaat word tydens aflaai- of oplaaitye nie.
- Alle leerders en ouers moet teen 13:15 van die speelgronde af wees, aangesien die nasorgleerders hierdie areas vanaf daardie tyd gebruik.
- Leerders mag nie in fantasiekostuums (bv. Spiderman) skool toe kom nie. Sulke kleredrag kan steurend wees tydens formele leertyd.
- Hoëhakskoene word nie toegelaat nie, aangesien dit liggaamspostuur en voetontwikkeling kan beïnvloed. Leerders moet gemaklike skoene dra wat geskik is vir hardloop, klim en aktiewe spel.
- Kos wat van die huis af gebring word, mag nie in die skoolkombuis verhit word nie.
- Moedig asseblief jou kind aan om beleef en gepas te praat, by die huis sowel as by die skool. Byvoorbeeld: "Mag ek asseblief verskoon word?" of "Mag ek asseblief badkamer toe gaan?"
- Beklemtoon die belangrikheid van goeie higiëniese gewoontes in die badkamer – by die huis én by die skool.
- Gaan voort om respek, verantwoordelikheid en goeie maniere in jou kind se daaglikse interaksies met ander te bevorder.

# Dissipline

Ons skool se dissipline is gebaseer op die beginsels van respek, verantwoordelikheid en positiewe versterking. Ons glo dat kinders die beste leer in 'n veilige, ondersteunende en bemoedigende omgewing waar goeie gedrag erken en gevier word. Positiewe versterking speel 'n kernrol in ons benadering. Goeie gedrag, harde werk en vriendelikheid word erken deur lof, beloningstelsels, sertifikate, klasinisiatiewe en mondelinge erkenning. Dit moedig leerders aan om aan te hou om verwagte gedrag, respek, samewerking en deursettingsvermoë te toon.

Geagte Kleuterskoolmaats en Ouers/Voogde,

Welkom by Hermanus Pre-Primêre Skool, 'n plek waar leer begin met lag, nuuskierigheid en sorg. Ons kleuterskool is 'n warm en koesterende omgewing waar elke kind aangemoedig word om op hul eie pas te ontdek, te skep en te groei.

Ons glo dat vroeë kinderjare 'n tyd van verwondering en ontdekking is. Deur speel, verbeelding en praktiese ervarings bou kinders die fondasie vir 'n lewenslange liefde vir leer. Ons toegewyde onderwysers werk saam met ouers en voogde om elke kind se sosiale, emosionele en akademiese ontwikkeling in 'n veilige en vreugdevolle omgewing te ondersteun.

Aan ons ouers en voogde, dankie dat julle ons vennote in hierdie belangrike reis is. Saam skep ons 'n gemeenskap wat vriendelikheid, respek en die unieke potensiaal van elke kind waardeer en vier.

Ons is verheug om julle as deel van ons kleuterskoolfamilie te hê – waar elke dag nuwe avonture, vriendskappe en geleenthede bring, om te groei.

Vriendelike groete,
Michelle Swart
Skoolhoof